

**11 April**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:2-4**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:1**

### **Wat 'n wonderlike woord is die woord "want"!**

Die apostel Paulus het onder die inspirasie van die Gees van God die vals redenasie die nek ingeslaan dat jy maar kan leef soos jy wil as jy onder die genade van God staan. Die woordjie "dus" in Romeine 8:1 het ons gedwing om na vroeëre argumente in die Romeinebrief te gaan kyk.

Nou kan die apostel nie meer verkeerd verstaan word nie, daarom kan hy met vrymoedigheid die blye boodskap van Romeine 8:1 preek. Hierdie teks is die basiese stelling van Romeine 8 en bring God se genade oor sondaars duidelik na vore: "Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie."

Die apostel maak in Romeine 8 gebruik van een van ons Here Jesus se geliefkoosde preekmetodes. Hy maak 'n stelling en dan voer hy redes aan om die stelling te bewys. Die stelling is Romeine 8:1. Die res van Romeine 8 is 'n grootse bewyslewering dat die stelling waar is. Lees gerus Romeine 8 in die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel en tel hoeveel keer die woord "want" gebruik word. Omdat "want" 'n redegewende voegwoord is, is dit duidelik dat die apostel redes gee vir sy stelling in vers 1.

Die eerste bewys vir sy stelling is Romeine 8:2-4. Die rede waarom mense wat by Jesus ingelyf is nie meer onder God se oordeel staan nie, is dat die Seun van God mens geword het. God het met die sonde van die mens afgereken deur die sonde aan die mens Jesus te straf.

*Ds JL Aucamp (Bloemfontein-Suidheuwels)*